65/88

198/87

/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

JEFFERY BEUKES .......................... APPELLANT

en

DIE STAAT ............................... RESPONDENT

CORAM : HEFER, STEYN, ARR et VILJOEN, WnAR

DATUM VERHOOR : 13 MEI 1988

DATUM GELEWER : 27 MEI 1988

---

U I T S P R A A K

---

VILJOEN, WnAR/....

VILJOEN, WnAR

Met verlof van hierdie Hof kom die appellant in hoër beroep teen die verwerping van 'n appèl deur die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof teen sy skuldigbevinding voor 'n landdros van Kaapstad op 'n hoofaanklag van openbare geweld en teen sy vonnis van twaalf maande gevangenisstraf wat die landdros hom opgelê het maar waarteen hy nie na die Kaapse Provinsiale Afdeling geappelleer het nie.

Die belangrikste bewering in die hoofaanklag teen hom was dat hy op 14 Oktober 1985 op die hoek van Dupperstraat en 14de Laan in Kensington, Kaapstad, alleen of saam met andere die openbare rus en vrede versteur het deur wederregtelik en opsetlik 'n motorfiets, die eiendom van die Stadsraad van Bellville aan die

brand/.....

brand te steek en die bestuurder van die motorfiets, ene Hector Gideons, met klippe te gooi. Hy het met die aanvang van die verhoorverrigtinge die grondslag van sy verdediging geopenbaar deur te verklaar:

> "Ek en 'n vriend kom van die swembad af. Ek sien 'n klomp skoolkinders kom oor die veld en steek vullis in die pad aan die brand. Ek het niks gedoen het."

Hector Gideons, 'n diensnemer van die Stadsraad van Bellville het hom op 14 Oktober 1985 met die Stadsraad se aflewerings-motorfiets op die hoek van Dupperstraat en 14de Laan, Kensington, bevind op pad terug van 'n sending om posstukke af te lewer. Toe hy by die gemelde kruising stilhou kom die appellant oor die pad in sy rigting gehardloop met 'n klip van ongeveer twee vuis groottes in sy hand en vra vir hom

of/....

of hy ook een van die varke is. Die appellant gooi toe die skerm van die fiets stukkend. Gideons skrik en nadat hy die fiets gebalanseer het hardloop hy weg na die kantore waar hy die stukke afgelewer het om vir die polisie te bel. In sy vlug daarheen het hy omgekyk en gesien daar kom nog twee persone aan na die fiets. Daar was skoolkinders "aan die agterkant" (blykbaar 'n afstand daarvandaan maar hulle was nie betrokke by die insident nie.) Dit is nie duidelik of hy gesien het dat die drie persone die fiets van die stopteken tot binne in die kruising sleep nie - sy getuienis in die opsig is weersprekend - maar toe hy uit die gebou kom was die fiets in die kruising en sien hy dat die fiets brand. Daar was toe baie mense in die rondte. Van

die/.....

die kinders wat daar gestaan het was ook by die fiets. Altesaam was daar toe ongeveer 20 mense daar. Toe "hulle" (blykbaar hy en ander persone van die kantore waarvandaan hy geskakel het) nader gaan na die toneel het die polisie net daar aangekom. Die brandstoftenk van die motorfiets was oopgedraai en die hele fiets was aan die brand.

Gideons is na die gebeure geneem na die polisie-kantore. Toe hy daar aankom saam met die getuie Perry het hy die appellant daar gesien en hom onmiddellik geëien as die persoon wat ŉ klip na sy fiets gegooi het en van wie hy, voordat hy hom by die polisiestasie gesien het, ŉ beskrywing aan Perry gegee het. Hierdie beskrywing was dat die betrokke persoon lig van

kleur/.....

kleur was, skralerig, met 'n baard en geklee in 'n blou klinknaelbroek ("jean"). Die beskrywing van sy persoonlike voorkoms het gestrook met die landdros se waarneming van die appellant in die hof.

In die loop van die klaer se hoofgetuienis, blykbaar omdat die appellant in persoon verskyn het, en omdat die aanklaer dit sy plig geag het, het hy aan die getuie sy verklaring wat hy voor die polisie afgelê het, en wat oënskynlik met sy getuienis gebots het, gestel. Dit was klaarblyklik nie die aanklaer se bedoeling om die getuie te diskrediteer nie. Die verklaring wat die getuie gemaak het, lui soos volg:

> "Toe ek omkyk sien ek dat drie kleurlingmans besig is om my fiets weg te sleep na die middel van die pad te hoek van 14de Laan en Dapperstraat. Ek sien toe dat daar rook trek

en/.....

en ek gaan toe nader. Ek sien toe dat die fiets aan die brand gesteek word. Die een kleurlingman sal ek weer herken, dit is die ligte kleur een met 'n effense baard."

Na aanleiding van hierdie verklaring het die aanklaer die getuie wesentlik onder kruisverhoor geneem. Die getuie het bevestig dat sy verklaring reg is in die opsig dat hy omgekyk en gesien het dat drie kleurlingmans besig was om sy fiets weg te sleep na die middel van die pad. Die aanklaer het hom daarop gewys dat sy getuienis dat hy eers toe hy terugkom gesien het dat die fiets brand, bots met sy verklaring dat hy in sy vlug omgekyk het en gesien het hulle sleep sy fiets na die middel van die pad waar hulle die fiets aan die brand gesteek het. Hy het verskeie antwoorde verstrek op die vrae van die aanklaer sowel as van die

landdros. Een van sy antwoorde was:

> "Soos ek gehardloop het meneer het hul mos die fiets nou weggesleep, die drie stuks want ek het nog, ek het gehardloop, maar die ander twee wat oorgekom het meneer."

Die landdros wou van die getuie weet waarom hy nie in sy vorige getuienis vertel het dat hy gesien het wie die motorfiets aan die brand gesteek het nie. Geen direkte antwoord is hierop verstrek nie. Die getuie het slegs volgehou dat die appellant die persoon was. Hy was een van die persone, het hy getuig, die ander twee het hy nie geken nie.

Die appellant het die geleentheid om die getuie te kruisondervra benut deur aanvanklik slegs een vraag te vra, naamlik hoeveel skoolkinders daar was, waarop die antwoord was: omtrent tien. Die

landdros/.....

landdros het daarna die ondervraging van die getuie oorgeneem. Die getuie het toe weer in besonderhede en duideliker oor die gebeure soos volg getuig:

"Nou wanneer het jy dan nou gesien dat die beskuldigde die fiets sleep vanwaar dit was, waar was jy toe? --- Kyk Edelagbare dis die tyd wat ek gehardloop het. Ek het gehardloop 'n entjie..
Ja. --- Wat ek sien die twee manne kom oor die pad, toe hardloop ek.
Ja. --- Ek het 'n jakkal draffie soos hulle sê, jakkelsdraffie, so 'n ligte draffie gegee.
Ja waarheen.. --- Wat ek sien..
Waarheen hardloop jy toe? --- Toe hardloop ek na die kantore toe, daar wat ek afgelewer het.
Hoe ver is die kantore toe nou daar vanwaar jy die fiets gelaat het? --- Dis omtrent so 300.
300 meter? --- 300, meer as 300.
En dit was terwyl jy op pad was soontoe dat jy nou die twee ander manne gesien aankom het.
--- Ja dis reg toe sleep hulle die fiets na die..
Nou wanneer het u dan nou gesien dat hulle die fiets sleep? --- Soos ek nou gehardloop het Edelagbare, toe kyk ek mos nou so om.

So/.....

So dit was in die omkyk en was dit eers nadat u die polisie gebel het, dat jy nou gesien het hierdie fiets brand? --- Dis reg.
En toe was jy sê van die skoolkinders ook daar by die fiets, moenie jou kop knik nie. --- Ja.
Het jy gesien wie die fiets aan die brand gesteek het? --- Ek het gesien Edelagbare die man het daar gebuk, maar ek kan nie sê of hy die fiets aan die brand gesteek het nie, maar hulle was drie stuks gewees."

Uit hierdie getuienis blyk dit dat toe die getuie besig was om te vlug hy omgekyk het en gesien het dat die appellant en twee ander die fiets binne die kruising sleep. Hoewel hy nie gesien het wie die fiets aan die brand steek nie, het hy die appellant sien buk by die fiets. Hy het die fiets eers sien brand nadat hy die polisie geskakel het en toe hy terugkeer na die fiets. Hy het blykbaar van wat hy gesien het die afleiding gemaak dat dit die appellant was

wat/.....

wat die fiets aan die brand gesteek het. Die appellant het hierna die ondervraging van die getuie voortgesit maar hierdie ondervraging het alleen om die identifikasie deur die getuie van die appellant gegaan. Op aandrang van die landdros dat die appellant sy saak aan die getuie moet stel, het hy dit aan hom gestel dat hy en 'n maat van die swembad daar in die omgewing op pad was en 'n blou broek, nie 'n klinknaelbroek nie, bo-oor sy nat swembroek aangehad het. Die getuie het toegegee dat dit 'n blou broek kon gewees het, hoewel hy dit beskou het as 'n "jean". Hy het egter geen nattigheid aan die broek gemerk nie. Verdere vrae oor die grootte van die klip wat die getuie beweer die appellant gehad het, is gestel maar dit is nie uitdruklik gestel dat hy nie 'n klip gegooi het nie.

Dit blyk uit getuienis van konstabel Joey van Heerden dat daar, ongeveer 'n halfuur voor die gebeure in verband met die fiets, 'n arrestasie plaasgevind het van oproerige skoolkinders in die omgewing. Die appellant is op daardie stadium opgemerk waar hy in 14de Laan voor 'n huis gestaan het. Toe die polisie "'n vroumens" daar wou arresteer, het die appellant nadergekom en gesê dit is sy suster. Die "dame" is toe gewaarsku en die appellant is aangesê om haar huistoe te neem. Toe Van Heerden 'n tweede keer na die omgewing waarheen hy saam met andere uitgeroep is, gaan, het hy die fiets op die hoek van Dupperweg en 14de Laan sien brand en het hy die appellant met die band van 'n trapfiets in sy hand na die brandende motorfiets sien

stap./.....

stap. Die appellant het omgekyk, die patrollie-voertuig sien aankom, die trapfiets se buiteband op die brandende motorfiets gegooi en gevlug. Van Heerden het hom agternagesit. Die appellant het in 'n huis wat daar naby geleë is, ingehardloop en sekere oproeriges wat voor die huis vergader was, het vir Van Heerden verhinder om die appellant in die hande te kry. Die appellant het toe weggekom. Die volgende dag het Van Heerden die appellant by die aanklagkantoor gesien.

Speurder adjudant-offisier Perry van die speurtak Kensington het op die toneel aangekom terwyl die motorfiets nog gebrand het. Hy het daar vir die klaer Gideons aangetref wat vir hom 'n beskrywing gegee het van een van die mans wat by die voorval van die aan-die-brandsteek van die fiets betrokke was as 'n

Kleurlingman,/....

Kleurlingman, lig van kleur, effens langerig met 'n effense baardjie. Hy het vir Gideons na die aanklagkantoor te Kensington geneem waar hy 'n verklaring van hom wou neem.

Speurder adjudant-offisier Greeff van Kensington, die ondersoekbeampte in die saak, het intussen die appellant gearresteer onder die volgende omstandighede. Hy het ook op die toneel aangekom, in 14de Laan afbeweeg en ongeveer 200 - 300 meter van die toneel het hy die appellant oor 'n sokkerveld saam met 'n ander man sien loop. Die appellant het na die pad geloop tot by 'n woonhuis se tuinhekkie waar Greeff hom voorgekeer het en hom ondervra het. Die appellant het verklaar dat hy wel op die toneel was maar niks gedoen het nie. Hy het net daar gestaan. Die appellant het senuagtig voorgekom

wat vir Greeff hom laat verdink het en Greeff laat besluit het om die appellant behoorlik te ondervra. Vir die doel het hy hom saamgeneem na die aanklagkantoor toe. Die appellant het verduidelik dat hy by die swembad was voordat hy deur Greeff voorgekeer is. Dit is bevestig deur nattigheid aan sy hemp wat Greeff opgemerk het. Volgens die verduideliking van die appellant het hy op pad van die swembad by die toneel van die brandende fiets verby geloop. Greeff kon nie sê of die appellant 'n swembroek onder sy lang broek aangehad het nie.

Toe speurder adjudant-offisier Perry met die klaer Gideons by die aanklagkantoor opdaag, het die klaer onmiddellik vir die appellant uitgewys as die

persoon wat betrokke was by die insident met die motorfiets. Dit was die getuienis van sowel Perry as Greeff.

Die appellant het ter verdediging van homself getuig. Hy beweer dat hy en 'n vriend vir wie hy geken het as Tony of Tommie van Rooyen, maar wat ook, vanweë die geloof wat hy aanvaar het met sy huwelik, die Maleise naam van Nazeem Samuels gedra het, die oggend van die betrokke dag mekaar redelik vroeg raakgeloop het en saam gaan werk soek het in Goodwood en Maitland. Later het hulle teruggekeer na Kensington en het hulle gaan swem in die swembad wat nie ver van die toneel van die oortreding geleë is nie. Hy het sy swembroek onder sy broek vanaf die oggend aangehad. Van Rooyen het by die swembad 'n swembroek gevind aangesien, sê hy, daar altyd swembroeke daar op die gras rondlê.

Hulle het by die swembad vertoef van ongeveer 12h00 tot 12h30 of 12h45 en het toe huistoe geloop. Hy het opgemerk dat daar oproerigheid in die omgewing was - skoolkinders het in 14de Laan "afgekom" en 'n polisievoertuig het hulle gejaag. Sommige het oor 'n oop stuk veld gehardloop. Ander het in die straat gehardloop, vullisdromme omgekeer en die inhoud in die straat aan die brand gesteek. Hy en Van Rooyen het hulle nie daaraan gesteur nie en net eenvoudig aangestap. Op een plek het hy 'n jong meisie teengekom wat in die straat geval het. Hy het haar opgehelp en oor die straat na veiligheid, uit die gevaar van verkeer in die straat, gehelp. A/O Greeff het skielik by hulle opgedaag toe hulle ongeveer 300 na 400 treë van die toneel was, hulle aangehou en hulle na die aanklagkantoor geneem. Hy en

Van Rooyen/....

Van Rooyen het in die aanklagkantoor gestaan vir ongeveer vyf minute toe die klaer, Gideons, daar inkom en hom sommer uitwys daar. Die appellant het in sy getuienis ontken dat hy vroeër tussenbeide getree het en beweer het dit is sy suster toe konstabel Joey van Heerden 'n vrou wou arresteer. Hy het ook ontken dat hy 'n trapfietsband op die brandende afleweringsfiets gegooi het. Hy het ontken dat hy ooit in 'n huis ingehardloop het waar oproeriges vir Van Heerden verhinder het om hom aan te keer. Hy het ontken dat hy behoorlik uitgeken is by die aanklagkantoor deur die klaer Gideons. Hoewel hy versoek het dat Tommie van Rooyen as sy getuie geroep word, kon Van Rooyen nie opgespoor word nie. Hy het blykbaar die adres waar hy gewoon het, verlaat. Die appellant het toe verkies dat die saak afgehandel word

sonder/.....

sonder die getuienis van Van Rooyen.

Die landdros het in sy uitspraak die volgende gesê:

"Dit is baie duidelik dat die klaer nie kon getuig oor wie spesifiek die fiets aan die brand gesteek het nie, maar dit is ŉ aspek wat die Hof later na toe sal terugkom. Die Hof moet ook beoordeel of die gedrag van die beskuldigde indien die Hof bevind dat hy geëien is en behoorlik bo redelike twyfel geëien is, op openbare geweld neerkom, omdat daar volgens die klaer op ŉ stadium slegs die beskuldigde en twee persone was en dit onduidelik is of die beskuldigde insigself deelgeneem het aan daardie brandsteek van die voertuig, maar daar is ook getuienis van ŉ ander aard, van ander getuies wat daarop neerkom dat daar op ŉ stadium ŉ toeloop van ŉ aantal persone was en dat die optrede inderdaad daar op openbare geweld neergekom het. Tewens dit blyk ook uit die beskuldigde se eie getuienis dat toe hulle van die swembad afgekom het, daar ŉ klomp skoolkinders bymekaar gekom het, en oproerig was en hulle het daar sekere dinge of vuilgoed aan die brand gesteek."

Die landdros het inderdaad later teruggekeer na die vraag wie die fiets aan die brand gesteek het. Hy bevind:

> "Die klaer kan nie getuienis daaroor aflê nie. Hy het dit nie gesien nie, maar dit is ook baie duidelik dat daar nie,of dat die feite van die Hof nie 'n ander afleiding regverdig en 'n ander redelike afleiding regverdig as dat die beskuldigde daar meegedoen het om daardie fiets aan die brand te steek nie. Ek sê dit ook in die lig van die getuienis van konstabel Van Heerden wat gesien het hoedat die beskuldigde met 'n buiteband na die fiets gegaan het terwyl dit reeds aan die brand was en dit daarop gegooi het,en dit versterk verder die afleiding dat die beskuldigde te doen gehad het met die brandsteek van die voertuig of fiets."

Die landdros het vroeër in die uitspraak homself gewaarsku teen die aanvaarding van 'n enkele getuie se getuienis, maar het nietemin die getuienis van die klaer Gideons se getuienis aanvaar omdat die hof beïndruk

was met die wyse waarop hy getuig het. Wat die landdros presies bedoel het met die "wyse" waarop hy getuig het, is onseker maar dit moet noodwendig, behalwe sy gedrag en voorkoms in die getuiebank, ook die betroubaarheid van die inhoud van sy getuienis insluit. 'n Deurlees van sy getuienis wek allermins die indruk dat hy 'n goeie getuie was, veral ten aansien van die persoon of persone wat die fiets in die kruising ingesleep en aan die brand gesteek het. Die landdros se opmerking dat hy nie getuienis oor die aan-die-brandsteek kan aflê nie omdat hy dit nie gesien het nie, is nie 'n getroue weergawe van die getuienis nie. Gideons het in die opsig geweldig rondgespring. In sy getuienis wat ek hierbo aangehaal het, sê hy dat hy nie gesien het wie die fiets aan die brand gesteek het nie. Hy het die appellant sien

buk/....

buk by die fiets en het skynbaar afgelei dat hy die fiets aan die brand gesteek het. In sy verklaring aan die polisie het hy gesê:

> "Ek sien toe dat die fiets aan die brand gesteek word."
>
> In die sin onmiddellik voorafgaande sê hy:
>
> "Ek sien toe dat daar rook trek en gaan toe nader."

Vanwaar het die rook gekom? Het die fiets toe al reeds gebrand? As hy gesien het dat die fiets aan die brand gesteek word, moes hy ook gesien het wie dit gedoen het - die appellant of een van sy twee maats of meer as een van hulle. Sy hoofgetuienis was teenstrydig met sy latere getuienis wat ek aangehaal het want hy sê uitdruklik in die loop van sy hoofgetuienis

dat/.....

dat hy nie gesien het wie die fiets aan die brand gesteek het nie en dat hy slegs die fiets gesien brand het toe hy later teruggekeer het na die fiets.

Ten spyte van hierdie kritiek is dit egter my oorwoë mening dat die getuienis van die klaer Gideons dat dit die appellant was wat die fiets se skerm stukkend gegooi het en dat dit die appellant en twee ander persone was wat die fiets vanaf die stopteken tot in die middel van die kruising gesleep het, tereg aanvaar is deur die landdros. Wat die stukkend gooi van die skerm betref het Gideons ŉ goeie geleentheid gehad om die appellant waar te neem. Hy het daarna ŉ raak beskrywing van die appellant aan speurder adjudant-offisier Perry gegee en hy het hom onmiddellik in die

aanklagkantoor/....

aanklagkantoor uitgeken.Ek meen ook dat dit met veiligheid aanvaar kan word dat Gideons twee persone gesien naderkom het en dat hy gesien het dat drie persone die fiets in die kruising insleep. Hy het herhaaldelik beklemtoon dat hy nie die twee ander sal kan uitken nie. Dat twee ander vir die appellant gehelp het, kan na my mening egter aanvaar word want waarom sal Gideon die verskyning van twee ander persone versin? Die fiets is aan die brand gesteek op 'n stadium, soos ek die getuienis lees, toe daar nog geen samedromming was nie. Terwyl die fiets nog brand, het konstabel Joey van Heerden gesien dat die appellant 'n buiteband op die brandende fiets gooi. In die afwesigheid van enige aanvaarbare verduideliking deur die appellant is die afleiding onvermydelik dat hy

betrokke was by die aan-die-brandsteek van die fiets. Indien hy nie was nie, het hy homself heeltemal daarmee vereenselwig want hy het die verbranding aangehelp deur 'n fietsband op die vuur te gooi. Sy uitkenning in die verband deur konstabel Joey van Heerden is nie in kruisondervraging betwis nie. Sy ontkenning in sy getuienis dat dit hy was wat die handeling gepleeg het is, na my oordeel, tereg deur die landdros verwerp. Sy verweer dat hy, nadat hy van die swembad af gekom het, ewe onskuldig huistoe gestap het saam met sy maat Tommie van Rooyen is ook tereg verwerp. Sy swemmery by die swembad moet aanvaar word, want sy hemp was nog natterig, maar sy versuim om te verklaar hoekom dit vir hom so lank geneem het om 'n afstand van ongeveer 400 meter te loop van

die/.....

die swembad af totdat hy aangekeer is, is betekenisvol. Volgens sy getuienis het hulle by die swembad vertoef van ongeveer 12h00 tot, op die laatste, 12h45. Hy is eers deur Greeff aangehou heelwat na 14h00. Met die bevinding van die landdros dat dit die appellant was wat die fiets se windskerm met 'n klip stukkend gegooi het en dat die appellant en sy trawante daar aanwesig veroorsaak het dat die fiets uitgebrand het, kan ek nie fout vind nie.

Die kronologie van die gebeure is nie deeglik uitgepluis in die verhoorhof nie - moontlik as gevolg van die feit dat die appellant nie verteenwoordig was nie - maar soos die getuienis staan, is daar niks wat onbestaanbaar is met die Staat se saak nie. Trouens

alles/.....

alles pas in. Die appellant het gaan swem in die swembad. Of daar iemand saam met hom was, is nie belangrik nie. Nadat hy die swembad verlaat het was hy betrokke gewees by die onluste in dié mate dat hy hom bemoei het met die gepoogde arrestasie van 'n vrou. Of sy sy suster was is ook nie belangrik nie. Hy kon daarna met twee "trawante", soos die landdros hulle beskryf het, betrokke gewees het by die afleweringsfiets-insident wat ek reeds hierbo ontleed het. Van Heerden kom op die toneel, sien hoedat die appellant 'n fietsband op die brandende afleweringsfiets gooi en jaag hom met die bedoeling om hom te arresteer. Hy ontvlug en daarna, skynbaar nie veel later nie, kom Greeff hom teë en merk dat hy erg senuagtig is. Hy

keer/.....

keer hom en sy maat aan en neem hulle na die aanklag-kantoor. Perry kom op die toneel terwyl die fiets nog brand en vind die klaer daar wat intussen met ander persone van die kantoor waar hy die polisie ge-skakel het, opgedaag het. Perry ondervra die klaer en neem hom na die aanklagkantoor waar die appellant en sy maat, op sy eie getuienis, ongeveer vyf minute van-tevore deur Greeff daar aangebring is. Die klaer ken hom onmiddellik uit.

Die verdere vraag is of die appellant, op die getuienis wat gelei is, tereg skuldig bevind is aan openbare geweld. Die landdros bevind aldus op die enkele grond dat toe Van Heerden op die toneel opdaag daar 'n aantal mense in totaal was rondom die motor-fiets wat reeds gebrand het op die stadium toe

die appellant die buiteband daarop gooi. "Dat die beskuldigde hom dus vereenselwig het met die optrede van die persone aldaar ly myns insiens geen twyfel nie" besluit die landdros. In die Hof a quo het die Hof na die getuienis van die Polisie-amptenare soos volg verwys:

> "It is obvious that the magistrate accepted their evidence and equally obvious why he did so. It was reliable, undisputed, objective evidence, plainly identifying appellant as part of the riot situation prevailing in Kensington on that day. This really is the second main point made by Counsel, namely, that there was no proof that appellant was in fact part of any riot situation. That point is devoid of merit. He was."

In hierdie Hof is dit betoog dat, selfs indien bevind word dat die Staat die feite bewys het wat die landdros as bewese bevind het, die Staat nie

die oortreding van openbare geweld bewys het nie omdat die stukkend gooi van die skerm en die aan-die-brand-steek van die fiets 'n geïsoleerde handeling deur die appellant was en hy hoogstens van óf aanranding óf op-setlike saakbeskadiging, waarvan hy ook aangekla was, of albei, skuldig bevind kon word. Ons is verwys na die sake van R v Cele and Others 1958(1) SA 144 (N) 152H - 153A; R v Nxumalo 1960(2) SA 442 (T) 443F en 444 D - G; S v Mei 1982(1) SA 299(O) 301H en ander sake.

Dit is algemeen bekend dat daar in dié betrokke tyds-gewrig ernstige onluste in die land voorgekom het, veral in sekere stedelike gebiede. Enige hof, meen ek, kan geregtelike kennis neem daarvan dat hierdie onluste van rewolusionêre

aard/.....

aard is, dat dit dikwels gepleeg word deur skoolkinders wat óf opgerui word daartoe óf spontaan gesag uittart om hulle teenkanting te toon teen die huidige politieke bestel in die land. Die gebruiklike optrede van groepe in hierdie land bestaan gewoonlik, soos ook elders in die wêreld, in die oprigting van pad- of straatblokkades deur gebruik te maak van brandende of ander voorwerpe om sodoende die vloei van die verkeer te belemmer of te stuit en om dan, wanneer voertuie nie kan voortgaan nie, óf stadiger beweeg, hulle met klippe te bestook óf selfs aan die brand te steek en die bestuurders of aan te rand of te verwilder.

Op hierdie betrokke dag was daar ook kinders wat, volgens die polisie-getuies, aan oproer deelgeneem het. Die polisie moes vroeër die dag reeds

optree./.....

optree. Die appellant sê self dat hy gesien het dat kinders vullis-dromme omkeer in die strate en dit aan die brand steek. Weliswaar is daar nie getuienis dat behalwe die appellant daar ander was wat klippe gegooi het nie. Maar waarvoor is die straat geblokkeer? Klipgooiery is heel waarskynlik voorkom deur die optrede van die polisie. Die appellant is vroeër opgemerk waar hy staan en blykbaar die gebeure dophou. Daar is nie getuienis dat hy hom op daardie stadium, behalwe sy bemoeiing waarna ek reeds verwys het, openlik met die groepsoptrede vereenselwig het deur mee te doen aan enige waarneembare handeling nie maar, toe die klaer Gideons op die toneel verskyn, het hy wel opgetree. Hy het Gideons glad nie geken nie. Daar was geen provokasie van Gideons se kant nie. Hy vra aan Gideons of hy ook een van die varke is, 'n aanmerking wat, in die samehang van die gebeure en die klimaat wat geheers het,

alleen/....

alleen kan beteken: behoort jy ook aan of is jy ten gunste van die gesagstruktuur, die bestaande orde? Hy het hom dus, met sy daad, heeltemal vereenselwig met die openbare geweld wat op daardie dag gepleeg is. Dit is waar dat, wat die algemene geweld betref, dit nie van 'n besondere ernstige aard was nie, in die sin dat daar nie getuienis van enige skade was nie, maar dit het die bekende patroon aangeneem wat ek reeds beskrywe het en hy self het aansienlike skade aangerig. Na my mening is hy tereg skuldig bevind aan openbare geweldpleging.

Die appellant is ook verlof verleen deur hierdie Hof om teen sy vonnis van een jaar te appelleer. Die appellant het egter nie teen sy vonnis na die Hof a quo geappelleer nie, 'n feit wat nie vermeld is in die aansoek om verlof om te appelleer, gerig aan

die Hoofregter nie. A 21(1) van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959, verleen 'n bevoegdheid aan die Appèlhof om 'n appèl van 'n beslissing van die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof aan te hoor en te beslis. Aangesien daar geen appèl teen vonnis was na die Hof a quo nie, kan daar geen appèl op vonnis van daardie Hof na hierdie Hof wees nie.

Ek het oorweeg of die beginsel van perempsie nie geld nie. Daar is egter 'n beslissing, R v Marwane 1981(3) SA 588(B) 590G - 591A, dat sodanige beginsel nie ten aansien van skuldigbevinding in die geval van strafappelle geld nie. Die saak het nie gehandel met appèlle teen vonnis nie. Ek vind dit egter nie nodig om te beslis of Marwane se saak reg beslis is nie. Indien hierdie Hof gevoel het dat die vonnis versag moes word, sou

hierdie/.....

hierdie Hof die appellant moontlik tegemoet gekom het. Ek meen egter nie dat 'n vonnis van een jaar onder die omstandighede 'n buitensporige vonnis is nie, en die appellant se advokaat het my ook nie oortuig dat die landdros enige dwaling begaan het nie. Daar word dikwels in die landdros- en streekhowe vonnisse van een jaar, soos in hierdie geval, of swaarder vonnisse vir hierdie tipe oortreding opgelê. Regter Baker wat die uitspraak van die Hof _a quo_ gegee het, het hom wel oor die vonnis uitgespreek soos volg:

> "There is no appeal against the sentence which is too light, in any case, in my opinion."

Ek weerhou my daarvan om 'n soortgelyke mening uit te spreek en volstaan met op te merk dat daar geen

grond/.....

grond is waarop die Hof kan ingryp nie.

Die appèl word afgewys.

WAARNEMENDE REGTER VAN DIE
APPèLHOF

HEFER )
STEYN ) - ARR - stem saam